AFRIKAANS-EKSPO VIR LEERDERS

NUUSBRIEF

Maart 2008

Inhoud van Maart-nuusbrief

- Voorwoord van die projekleier
- Belangrike gebeure
- Nuwe faksnommer en kantoorure
- Skooldeelname
- Samewerking met Poort
- Ons gaan weer Vlaandere toe
- Handleidings
- Webwerf
- Vlak van skooldeelname

Voorwoord van die projekleier

A journey of a thousand miles must begin with a single step.--Lao-Tsu, (*The Way of Lao-Tsu*)

2008 is die elfde jaar wat die Afrikaans-Ekspo as ‘n nasionale skolekompetisie bestaan. Projekte se bestaanjare kan met mense se lewensjare vergelyk word. Hoe ouer ‘n mens word, hoe meer word daar terugskouend gekyk oor ‘n mens se lewe, wat jy al bereik het en terselfdertyd kyk ‘n mens ook vooruitskouend na wat ‘n mens graag wil bereik en bepaal so gedurig nuwe doelwitte en mylpale.

2007 was die eerste jaar wat die Afrikaans-Ekspo onafhanklik gefunksioneer het en so ook klinkklare bewys gelewer het dat die projek nie net lewensvatbaar is op sy eie nie, maar dat die projek ten spyte van terugslae steeds ‘n bydrae lewer om die kreatiewe omgang met Afrikaans te bevorder.

Dit is gevolglik ook ‘n goeie tyd om na die AE se misie en visie te gaan kyk en almal betrokke by die AE weer daarvan bewus te maak.

Visie

Om aan alle leerders in Suid-Afrika die geleentheid te bied om in en deur Afrikaans ‘n spontane en kreatiewe taalervaring te beleef.

Missie

Om die kreatiewe gebruik van Afrikaans uit te bou en talige en sosiale verhoudings tussen Afrikaans- en Nie-Afrikaanssprekende kommunikeerders aan te moedig.

Terselfdertyd is dit ‘n uitstekende geleentheid om vergelykend na die afgelope sewe jaar se statistiek te gaan kyk en onsself af te vra hoe kan ons die verlies aan deelname (veral in 2007) teenwerk. Die afname in die aantal skole wat verlede jaar deelgeneem het, is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat die Noordwes Onderwysdepartement Afrikaans as keusevak afgeskaf het - ‘n kommerwekkende tendens wat hopelik nie posvat by die ander provinsies se onderwysdepartemente nie.

Provinsie	**‘01**	**‘02**	**‘03**	**‘04**	**‘05**	**‘06**	**‘07**
Gauteng	28	27	25	24	24	30	32
Limpopo	3	6	6	6	6	6	4
Mpumalanga	6	5	5	6	4	8	8
Noordwes	21	34	45	53	41	76	44
Vrystaat	11	8	6	4	9	12	14
Wes-Kaap	4	2	4	1	1	3	3
Oos-Kaap	2	0	0	0	1	0	1
Noord-Kaap	1	2	1	1	3	4	4
KwaZulu-Natal	5	5	7	5	5	7	7
Totaal	**81**	**89**	**99**	**100**	**94**	**146**	**117**

Vanjaar gaan die Ekspo-bestuur veral steun op die samewerking van die betrokke skole, onderwysers en leerders om die AE se ratte weer seepglad te laat draai. Hou asb. die nuusbriewe en julle poshokkies dop in die verband.
Help ons asseblief om die res van die land aan die brand te kry vir die Afrikaans-Ekspo. Op daardie positiewe noot, wense vir ‘n geseënde en vol 2008.

Hartlike Ekspo-groete.



Projekleier

Belangrike gebeure: Januarie-April 2008

- Sluitingsdatum vir skoolinskrywing: **15 Februarie 2008**
- Sluitingsdatum en inhandiging van leerderinskrywings: **14 April 2008**
- Skole faks D3-vorm (plaaslike kategorieopsommings-vorm): **15-18 April 2008**
- Plaaslike skoolevaluering: **15 April – 2 Mei 2008**

Nuwe faksnommer en kantoorure

Die Ekspo-kantoor het ‘n nuwe faksnommer – gebruik dit asb. in die toekoms wanneer julle fakse stuur:
086 5026 484
Tania is van vanjaar af op fleksikantoorure en indien dit dringend is, kan julle haar op haar selfoon skakel - **082 437 3064.**

Skooldeelname tot op hede

Die AE is baie trots om aan te kondig dat daar tot op hede elf nuwe skole geregisteer het en wil graag hierdie skole welkom heet tot die AE. Die AE spreek die hoop uit dat ons saam met julle ook ‘n lang pad kan stap:

Gauteng 1
Curro Hazeldean
Hoërskool Hendrik Verwoerd

Noord-Kaap
Kimberley Girls High
Hoërskool Upington
Volkskool, Orania

Vrystaat
Hoër Landbouskool Jacobsdal
Hoërskool Parys
Sentraal Bloemfontein

Mpumalanga
Middelburg Hoërskool

Wes-Kaap
Hoërskool Outeniqua

Limpopo
Heuwelkruin Kollege

Skooldeelname sien soos volg daar uit:

Gauteng 1	22	Gauteng 2	4
Gauteng 3	3	KwaZuluNatal	5
Mpumulanga	6	Noord-Kaap	5
Limpopo	3	Noordwes	16
Vrystaat	9	Wes-Kaap	2

Totaal 75

Samewerking met Poort

Julle sal onthou dat die AE aan die einde van 2006 deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Letterkunde-kommissie genader is om ‘n samewerkings-ooreenkoms aan te gaan.
Hiervolgens word 'n spesiale uitnodiging gerig aan geselekteerde toppresteerders van die Afrikaans-Ekspo tydens die Nasionale rondte om hul inskrywings ook te stuur vir die Akademie se prestige Poort-kompetisie.
Die AE wens graag die volgende skole se leerders wat genooi is om aan Poort deel te neem geluk en ook alle voorspoed toe:
Afrikaans Hoër Meisieskool, Afrikaans Hoër Seunskool, Akasia, Eldoraigne, Garsfontein, H.T.S. John Vorster, Hoërskool Menlo Park, Hoërskool Waterkloof, Hoërskool Bastion, Hoërskool Kuswag, Hoërskool Pionier, Hoërskool Port Natal, Hoërskool Voortrekker, Hoërskool Piet Retief, Hoërskool Diamantveld,

Hoërskool Noord-Kaap, Hoërskool Ferdinand Postma, Potchefstroom Gimnasium en Hoërskool Jim Fouché.

Afrikaans-Ekspo verteenwoordig in Vlaandere
Die van julle wat al lankal aan die Afrikaans-Ekspo deelneem, sal onthou dat ons sedert 2004 'n samewerkingsooreenkoms met die Vlaams-Suid-Afrikaanse Kultuurvereninging (VSAKV) het en so geleentheid bied aan twee leerders om 'n reis na Vlaandere los te slaan. Dit gebeur tweejaarliks en volgende jaar sal die Ekspo weer in samewerking met die VSAKV op 'n navorsingsonderwerp besluit vir die doel van hierdie geleentheid. Die bod is op die volgende leerders toegeslaan om in 2008 Vlaandere toe te gaan as ambassadeurs vir Suid-Afrika en die AE:
Bernice Floyd van Afrikaans Hoër Meisieskool (Pretoria) en Adriaan Steyn van Hoërskool Jim Fouche (Bloemfontein)

Baie geluk aan hierdie leerders en ons sien uit na julle verslae en meegaande foto's as julle terugkeer.

Handleidings
Ons wil graag kontroleer of al die skole wat reeds ingeskryf het, hulle handleidings ontvang het. Laat weet asb. vir Tania by die Ekspo-kantoor indien jy nog nie die nuwe handleidings ontvang het nie.

Webwerf
Die Afrikaans-Ekspo se webwerf het van 5 Maart 2008 'n nuwe baadjie aan. Gaan kyk gerus na die nuwe en opgedateerde Afrikaans-Ekspo webwerf. Indien daar inligting ontbreek wat julle benodig, laat weet ons asseblief. Die webwerfadres is www.afrikaansekspo.org.za

Vlak van skooldeelname
Dit blyk dat daar in die verlede verwarring of onsekerheid onstaan het oor die vlak waarop die skool mag deelneem m.a.w. Huistaal/Primêre Taal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal. Die vlak van onderrig in die skool* bepaal op *watter vlak die leerders kan inskryf. Indien die leerder Afrikaans Huistaal/Primêre Taal neem, moet die handleiding vir die Huistaal/Primêre Taal gebruik word; indien die leerder Afrikaans Eerste Addisionele Taal neem, moet die handleiding vir Eerste Addisionele Taal gebruik word. 'n Leerder wat Afrikaans Eerste Addisionele Taal neem, mag byvoorbeeld nie vir Afrikaans Tweede Addisionele Taal inskryf nie. Die taal van onderrig word dus op inskrywingsvorm ingevul, die skool moet dienooreenkomstig registreer en die leerders moet dienooreenkomstig deelneem.
Indien daar enige navrae in die verband is, kan dit aan Linette van der Merwe (die projekleier) gerig word per faks 086 502 6489 of per e-pos linette@afrikaansekspo.org.za.